

## Die instel van jou rekenaar monitor

Een van die groot probleme van digitale fotos kyk is hoe elke persoon se rekenaar monitor ingestel is. Hoe weet jy of jou foto oorbelig is of die kontras te laag is? Gestel jy stuur die foto in na 'n beoordeling sessie hoe sien hulle die foto?

Daar is baie programme wat gebruik word om monitors te kalibreer na die regte kleur spasie (colour space) Fotografiese salonne maak gebruik van duur programme genoem "spiders" om hulle monitors en projektors te kalibreer. Goeie fotografiese klubs ook.

Quintin Terblanche een van ons lede en beoordelaars het aan ons opgemerk tydens die keer wat hy beoordeel het dat hy opgemerk het dat baie van ons lede se fotos se kontras laag is en dat ons julle moet verduidelik oor monitor instel. Wel ons het baie beginners en sommige het ou monitors en programme is duur en ingewikkeld. Wat kan julle maak? Hier is 'n eenvoudige manier.

Kyk na onderstaande table. Wat sien jy?



Die toets patron het 17 blokkies wat wissel van pikswart tot spierwit. Om jou monitor in te stel gebruik jou Helderheid ('Brightness') asook Kontras ('Contrast') kontrole om te verstel tot jy elke een van die 17 blokkies in sy eie skakering van grys kan sien. Jy kan ook probleme ondervind maar probeer dit so naby as moontlik te stel.

Indien hulle nie almal grys vertoon nie maar 'n kleur skynsel in het beteken dit dat jou monitor daarvoor ook verstel moet word. As jy gebruik maak van Adobe photoshop kyk in jou **Windows Control Panel** en jy sal daar 'n program kry met die naam van **Adobe Gamma** wat jou ook stap vir stap help om in te stel.

Maar as jy net gebruik maak van die toets patroon en alles lyk nou reg kyk hoe mooi lyk jou fotos nou! Nou weet jy darem hoe ander jou fotos gaan sien en jy kan behoorlike korreksies doen!

Groete  
Jan en Frieda